VORM & VOLG: IMATIO DEI IMAGO DEI

# PERICHORESIS

14 APRIL 2024 |HANDELINGE 17:28

## 1. KUIER

Deel hoe dit met mekaar gaan? (Dit is ‘n lang les, so gebruik die tyd effektief).

Luister die lied: https://www.youtube.com/watch?v=n1yzqsWxcBY Deel wat jy hoor?



## 2. WANDEL IN DIE WOORD

**Lees Handelinge 17:28 saam deur.**

Gee 30 sekondes van stilte, voor 'n tweede leser die teks hardop lees.

## 3. GESELS

Perichoresis is ‘n groot woord met ‘n eenvoudige en spesiale betekenis. Dit verwys na die Vader, Seun en Heilige Gees wat as gelykes ritmies roteer in die vorm van ‘n dans. Kyk na die bg prent. Hierdie dans van die Drie Eenheid bring gelowiges ook in beweging. Om saam die lewe te vier as ‘n dans van geloof, hoop en liefde. So word ons in beweging gebring as nuwe mense.

**God nooi gelowiges uit na die dans van die Lewe. Dit beteken om as ‘n nuwe mens te leef. Wat beteken dit vir jou?**

**Het jy al mense genooi vir ‘n spesiale funksie en dan daag hulle nie op nie. Het jy dit al aan mense gedoen? Wat was die emosie wat jy ervaar het?**

**Lees die volgende aanhalings:**

- Augustinus praat van ‘n “geërfde sondigheid”
- Luther praat van die “slawerny van eie wil”
- Calvyn praat van die ‘n “geskende en korrupte wil”
- Edward praat van die “bose ingesteldheid.”
- Niebuhr sê “sonde is onvermydelik maar onnodig”.
- Sonde is die nee sê op die uitnodiging om God se genade van lewe te ontvang. Sonde is ontkenning van genade.

**Wat maak jy van die verskeie stellings?**

**Bespreek die diagram op die volgende bladsy:**

| Sondaar in arrogansie / Ekkigheid / Hubris = PRIDE | Die Nuwe Mens: Lewe in die Dans van die 3 Eenheid | Sonde in onsekerheid / verwarring / Luiaard |
|---|---|---|
| Onderskat God se vermoë om 'n nuwe toekoms te skep. Vertrou liewer op die self. | Uitgenooi deur God en vry om te reageer op Sy stem. | Onderskat en verag die self (en God) deur God se ruimte in ons lewe vir ander te gee. |
| → | Geloof: Vertrou in die welwillendheid van God in Christus deur die Heilige Gees. | ← |
| Verag ander en probeer om hulle te gebruik en te domineer. | Ons diepste identiteit lê in die mededeelsaamheid van lewe (koinonia) met mekaar en ander. | Selfvertwyfeling en ons vermoë. Dien ander se goedkeuring. Lei na selfvernietiging. |
| → | Liefde: 'n Nuwe manier om mens te wees in Jesus deur die Heilige Gees. | ← |
| Onderskat God se vermoë om 'n nuwe toekoms te skep. Vertrou eerder op die self. → | Ons lewens is in rustelose afwagting van die nog-nie doelwit. | ← Reuse vertwyfeling oor die toekoms. Apaties, bedank-houding, hopeloos, angstig |
| | Hoop: 'n Nuwe vryheid om te leef na God se beloofde belofte in Christus en die Gees. | Source: Coenie Burger as adapted from Migliore (2004) |

Dit word eenvoudig gestel dat die mensdom in twee groepe kan verdeel. 'n Groepering (aan die linkerkant) wat nie God nodig het nie. Hulle maak staat op die self. 'n Groepering (aan die regterkant) wat nie kan verstaan dat God vir hulle lief is nie. Die mensdom word dan vanuit hierdie sondige denke geroep na die middelste blok toe.

**Wat dink jy sal gebeur as die wereld vanuit die middelste blok leef?**

**Met watter kant identifiseer jy, die linker- of regterkant? Deel in broosheid met mekaar wat jy moet laat gaan om in oorgawe vir God te vertrou dalk met jou ego of dalk jou broosheid.**

God nooi jou uit na die ritmiese dans van die Vader, Seun en Heilige Gees. Dit is Perichorsis. Die Drie Eenheid bring die mensdom in nuwe bewegings van hoop, geloof en liefde (die middelste blok). As ander struikelblokke sien, sien die middelste groep nog 'n skuif, nog 'n alternatief, nog 'n bietjie hoop & positiwiteit. God roep ons vir sulke lewens.

# 4. GEBED

Bid vir mekaar en om sterk te staan teen die sondige natuur wat altyd die lewe vanuit die linker of die regterkant wil leef. Bid dat jy 'n gereeldse JA segger sal wees op God se uitnodigings en by die Drie Eenheid aan te sluit vir die dans van die lewe.